

17 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 8:1-4
Fokusgedeelte: Matteus 8:2, 3

Die melaatse man

'n Groot menigte mense het Jesus gevolg en 'n man het voor Hom kom kniel. Dit moes moed geverg het om so tussen die mense te verskyn. Die desperate man was melaats – uitgestoot uit die samelewing, onrein. Die siekte was hoogs aansteeklik en melaatses moes in afsondering bly. Hy smeek: “Here, as U wil, kan U my gesond maak.”

Nie alleen wys Jesus sy almag oor 'n verskriklike siekte soos melaatsheid nie, Hy wys ook sy liefde en barmhartigheid. As God kan Hy nie alleen gesond maak nie, maar wil Hy ook. Volgens Markus 1:40 het Jesus die melaatse bedelaar jammer gekry. En dan steek Jesus sy hand uit en raak hom aan!! Hy deins nie terug om aan 'n melaatse te vat nie. Gewone mense kan die gevaar loop om melaats te word, maar Jesus huiwer nie. Ons wil dikwels afstand behou en fisiese kontak met mense in nood vermy. 'n Handdruk, 'n vertroostende arm op die skouer of 'n drukkie wat wys dat jy omgee, is dikwels van meer waarde as 'n klomp woorde.

Aanraking van 'n melaatse beteken vir 'n Jood om onmiddelik onrein te wees. Maar Jesus aarsel nie. Hy is immers die Kneg van die Here wat verag en deur die mense verstoot word. Hy het na die wêreld gekom om ons lyding op Hom te neem en ons siektes het Hy kom dra (Jes. 53:34). Uiteindelik sou Hy as uitgeworpene, as onreine belaaie met ons sondes, buite Jerusalem aan die vloekhout sterf. Hy sê: “Ek wil. Word gesond!” En die melaatse word gesond, rein!

Jesus verbied die man om vir iemand daarvan te vertel, maar volgens Markus het hy gegaan en dit wyd en syd verkondig. Ons mag nie stilbly oor Jesus se reddende genade in mense wat sonde-melaats is se lewens nie. Ons moet dankbaar verkondig en vertel.

Sing: Psalm 96:3 (Totius)

Ds. AL Pelsner (Bethlehem)